

13 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 2:1-11; Amos 9:13-14

Fokusgedeelte: Johannes 2:1-11

Christus doen 'n wonderwerk op 'n bruilofsfees

Hierdie is die eerste en volgens Hom 'n voortydige wonderwerk wat Jesus verrig. Voortydig, want sy tyd het nog nie aangebreek nie. Tog reageer Hy op sy moeder se versoek. Uit sy kortaf reaksie op haar mededeling maak Hy dit duidelik dat sy optrede nie deur mense bepaal word nie, selfs nie eers deur sy moeder nie, maar in gehoorsaamheid aan sy Vader.

Die grootsheid van die wonder word beklemtoon deur die omvang en kwaliteit wyn wat Hy uit water skep. Hy voorsien veel meer as wat die behoefte is, eintlik oordadig. Dermate, dat die kwaliteit van die wyn die seremoniemeester verstom.

Soos alle wonders wat Jesus verrig, is die daad op sigself nie die fokus nie, dit is slegs 'n fisiese uitdrukking van 'n geestelike beginsel. Sodanig is die aard van wonderwerke immers. Mens verwonder jou nie net oor die gebeure nie, die gebeure spreek hard en duidelik van die Persoon wat dit verrig. Die bewerking van 'n wonder wek bewondering. Dit is openbaring. Luid roep dit tot alle aanskouers: sien raak Wie hierdie Jesus is!

Hy is die vervulling van die belofte van Amos 9:13-14. Hy sorg vir oorfloed as ware Bruidegom van sy kerk. Die feestelike vreugde wat Hy skep, oortref dié van enige aardse bruilof. Let ook op: Hy verander juis die reinigingswater in wyn. Rondom die doopvont en aan die nagmaalstafel spreek hierdie eerste wonder tot elke gelowige se hart. Soos wat 'n heerlike warm bad na 'n dag se harde fisiese arbeid die liggaam wonderlik verfris, só verkwik die bloed van Jesus my en jou siel deur ons rein te was.

Sy almag maak sy liefde effektief. Gryp in geloof aan Hom vas en smaak elke dag sy liefde. En dit oordadig!

Sing: Psalm 68:1, 9 (Totius)

Ds. D Pansegrouw (Hoëveld)